

Dinsdag 2 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 1:1-2

# Die Here skryf vir jou! Ontvang sy genade en vrede

Paulus was die unieke skrywer van die brief, veral omdat hy op die pad na Damaskus die lewende Christus persoonlik ontmoet het. Christus het hom uit die ewige dood tot die ewige lewe oorgebring. As 13de apostel skryf hy met die volmag van Christus, al is hy in die tronk in die jare 60-62 na Christus. Hierdie brief sal daarom 'n kragtige uitwerking hê op almal wat daarna luister en deur die Gees gelei word.

Die lesers was ook uniek, want dit was 'n omsendbrief wat nie net aan gelowiges in Efese geskryf is nie, en daarom geld die beloftes en eise in die brief vir ons almal. Efese was 'n dorp aan die kus van Klein-Asië en Paulus het 'n besondere band met hulle gehad. Die lesers is uniek omdat hulle ook beskryf word as mense wat aan God behoort en in Jesus Christus glo. Hulle kry hulle lewe van Christus af.

Die groetseën van God is ook uniek, want “vrede vir jou” is die tipiese Ou-Testamentiese groet wat beteken jy word harmonie in jou lewe en verhoudinge toegesê. Genade as Nuwe-Testamentiese groet beteken jy word geluk en blydschap gegee. Vrede wat God skenk, bring harmonie tussen gelowige en God, gelowiges onderling en vrede in jou binne-kant. Genade is God se liefde in sy optrede teenoor ons.

Ons is skatryk as ontvangers van vrede en genade. Dank God vir sy besondere geskenk van genade en vrede wat niemand van jou kan wegneem nie.

*Sing: Skrifberyming 19-3:1, 2*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*